Saterdag 24 Oktober

Skrifgedeelte: Hebreërs 13:1-21 (AFR83/AFR2020)

Fokusgedeelte: Hebreërs 13:1, 20

Bewaar die liefde tussen gelowiges

Daar is 'n besondere band tussen Christengelowiges. Ons Here het met sy offer op Golgota mense vir God geheilig, afgesonder. Hy is daarom nie skaam om gelowiges sy broers (en susters) te noem nie. Deur Hom het ons deel van 'n geestelike familie geword waarvan Hy die Eersgeborene is (Rom. 8:29) en ons sy aangenome broers en susters.

As geestelike familie het ons almal een Vader, een Verlosser en woon een Gees in ons. Anders as fisiese familiebande wat met die dood tot 'n einde kom, strek die familiebande van God se geestelike familie tot anderkant die dood.

Omdat alle gelowiges deel is van dieselfde familie, beteken dit dat ons ook in 'n besondere verhouding teenoor mekaar staan. God het ons eerste liefgehad en daarom het ons Hom lief. In 'n gesonde gesin is daar nie net liefde tussen ouers en hulle kinders nie. Daar is ook onderlinge liefde tussen kinders, en daarom is hulle bereid is om vir mekaar op te offer.

Die liefde in God se geestelike familie is nie net 'n onsigbare gevoel tussen mekaar nie. Dit moet ook prakties uitgeleef word. Die Hebreërskrywer noem 'n aantal voorbeelde van broederliefde wat uitgeleef word:

- Gasvryheid en om jouself in die skoene van verontregtes te plaas.
- Gelowiges stel hulle huwelike hoog op prys en wy hulleself daaraan toe. So beskerm gelowiges hulle eie huwelike, én die van ander mense.
- Gierigheid en selfsug heers versmoor broederliefde.

In die wêreld is ware broederliefde skaars. As gelowiges behoort ons mekaar lief te hê, omdat God ons eerste liefgehad het. So wys ons ook vir die wêreld waar ware omgeeliefde vandaan kom en hoe dit in praktyk lyk.

*Sing: Skrifberyming 2-4:1, 3*

*Ds. EJ (Edmund) de Beer (Laeveld/Tzaneen)*